Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands **70c** Other countries
Posvry • Post free

***Regulasiekoerant***
***Regulation Gazette***
**No. 4233**

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer*
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 277 PRETORIA, 18 JULIE / JULY 1988 No. 11434

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

**No. R. 1472** **18 Julie 1988**

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP BETAALMIDDELS EN WISSELKOERSE, 1933 (WET 9 VAN 1933)

Die Staatspresident het kragtens artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet 9 van 1933), die regulasies in die Bylae vervat, uitgevaardig.

### BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961, soos gewysig.

***Invoeging van regulasies 3A en 3B in die Regulasies***

2. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 3 van die Regulasies ingevoeg:

*"Verbod op die vernietiging, smelt, oplos, opbreek of beskadiging van munte wat ingevolge artikel 11 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), uitgereik is.*

3A. Enige persoon wat, sonder die skriftelike goedkeuring van die Tesourie, opsetlik 'n munt wat uitgereik is ingevolge artikel 11 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), vernietig, smelt, oplos in enige oplosmiddel, opbreek of beskadig, of so 'n munt uit die Republiek verwyder of laat verwyder of toelaat dat dit verwyder word met die doel om buite die Republiek aldus daarmee te handel of mee te laat handel is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

3B. Enige persoon wat enige munt wat uitgereik is ingevolge artikel 11 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), verkoop of vervreem met die wete of met die vermoede dat so 'n munt bestem is om in stryd met regulasie 3A gebruik te word, is skuldig aan 'n misdryf, en is by skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.".



## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF FINANCE

**No. R. 1472** **18 July 1988**

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE CURRENCY AND EXCHANGES ACT, 1933 (ACT 9 OF 1933)

The State President has under section 9 of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act 9 of 1933), made the regulations set out in the Schedule.

### SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations promulgated by Government Notice R. 1111 of 1 December 1961, as amended.

***Insertion of regulations 3A and 3B in the Regulations***

2. The following regulations are hereby inserted in the Regulations after regulation 3:

*"Prohibition on the destruction, melting down, dissolving, breaking up or damaging of a coin that has been issued under section 11 of the South African Mint and Coinage Act, 1964 (Act 78 of 1964).*

3A. Any person who, without the written approval of the Treasury, intentionally destroys, melts down, dissolves in any dissolvent, breaks up or damages a coin that has been issued under section 11 of the South African Mint and Coinage Act, 1964 (Act 78 of 1964), or who removes any such coin out of the Republic, or causes or permits it to be so removed, with the purpose of so dealing with it or allows it to be so dealt with, outside the Republic, shall be guilty of an offence, and shall be liable on conviction by a competent court to a fine not exceeding R50 000 or to imprisonment not exceeding five years, or to both such fine and such imprisonment.

3B. Any person who sells or disposes of any coin that has been issued under section 11 of the South African Mint and Coinage Act, 1964 (Act 78 of 1964), with the knowledge or with the belief that such coins are to be used in contravention of regulation 3A, shall be guilty of an offence, and shall be liable on conviction by a competent court to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staats-koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Finansies, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| 1472 | Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse (9/1933): Wysiging van regulasies ............ | 1 | 11434 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **Finance, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| 1472 | Currency and Exchanges Act (9/1933): Amendment of regulations...................... | 1 | 11434 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 264

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 264

11434—1